

**Wiskunde - Graad 7**  
**Woensdag, 29 April 2020**

# Persentasie

## Deel 1

*Uitkoms: Na afloop van hierdie werk moet leerders die volgende kan doen.*

- 1. 'n Beter begrip hê van wat persentasie is.*
- 2. Persentasie van 'n geheel kan bereken.*
- 3. Een bedrag as 'n persentasie van 'n ander bedrag bereken.*

### **WAT IS PERSENTASIE?**

Persentasie beteken “**vir elke 100**” of “**uit 100**”

Dit kan voorgestel word as 'n breuk met 'n noemer van 100.

$$\text{Bv. } 34\% = \frac{34}{100}$$

Om 'n breuk dus as 'n persentasie te skryf moet ons die noemer na 100 herlei. Ons moet dus 'n ekwivalente vorm van die breuk kry waar die noemer 100 is.

Bv. As jy  $\frac{17}{20}$  het vir jou toets en jy wil weet wat jou persentasie is moet jy jou punt uit 20 herlei na 'n breuk uit 100.

Kan jy nog onthou? : Wat ons onder doen, moet ons bo doen!

$$\frac{17 \times 5}{20 \times 5} = \frac{85}{100}$$

Dus het jy 85%

### **BEREKEN 'N PERSENTASIE VAN 'N GEHEEL.**

Wanneer jy gevra word om 'n persentasie van 'n geheel/hoeveelheid moet bereken  
bv. Bereken 20% van 75

Die geheim lê in die woordjie "van" wat ons weet vermenigvuldig beteken in Wiskunde.

Dus : 20% van 75

$$= 20\% \times 75$$

Ons weet persentasie beteken "op 100" so  $20\% = \frac{20}{100}$

$$= \frac{20}{100} \times 75$$

Ons weet ook nou dat wanneer ons 'n breuk wil vermenigvuldig met 'n heelgetal moet ons die heelgetal as 'n breuk gaan skryf deur dit op **1** te gaan sit.

$$= \frac{20}{100} \times \frac{75}{1} \quad (\text{Vereenvoudig / Kanselleer skuinsoor})$$

$$= \frac{1}{5} \times \frac{75}{1}$$

$$= \frac{75}{5} \quad (\text{Vereenvoudig})$$

$$= 15$$

Dus 20% van 75 = 15

### **SKRYF EEN BEDRAG AS 'N PERSENTASIE VAN 'N ANDER BEDRAG.**

Hierdie werk is baie dieselfde as om 'n breuk na 'n persentasie te herlei, maar alle breuke se noemers kannie altyd na 100 verander word nie. Dan gebruik ons die volgende metode:

Bv. Jy kry 42 uit 70 vir jou toets. Hoeveel persent het jy gekry?

Ons gaan skryf dit as 'n breuk  $\frac{42}{70}$ , maar nou moet ons dit omsit in persentasie. Om

dit te doen gaan vermenigvuldig ons dit met  $\frac{100}{1}$ .

$$= \frac{42}{70} \times \frac{100}{1} \quad (\text{Vereenvoudig / Kanselleer skuinsoor})$$

$$= \frac{42}{7} \times \frac{10}{1}$$

$$= \frac{420}{7} \text{ (Vereenvoudig)}$$

$$= 60$$

Dus : 42 uit 70 = 60%

## **Voltooi nou die volgende opdrag om te sien wat jy verstaan het.**

1. Skryf die volgende breuke as persentasies:

(a)  $\frac{27}{100}$

(b)  $\frac{19}{25}$

(c)  $\frac{11}{20}$

(d)  $\frac{3}{4}$

2. Bereken.

(a) 10% van 90

(b) 35% van 140

(c) 80% van 340

(d) Johan pluk 250 appels, maar slegs 64% van die appels is goed genoeg om verkoop te word. Hoeveel appels kan Johan verkoop?

3. Hoeveel persent is ...

(a) 22 uit 40

(b) 8 uit 32

(c) 37 van 185

(d) Tydens 'n netbalwedstryd was die doel suksesvol met 18 van haar 24 doelpogings. Bereken die doel se doelpersentasie.

### **Audio les**

[https://laerskoolhartenbos-my.sharepoint.com/:v:/g/personal/dokumente\\_laerskoolhartenbos\\_co\\_za/ERFxAdb8HxJGn-MPDpm1QBEBURTSN5nbpzx8T6KhhT61XA?e=8lnBZQ](https://laerskoolhartenbos-my.sharepoint.com/:v:/g/personal/dokumente_laerskoolhartenbos_co_za/ERFxAdb8HxJGn-MPDpm1QBEBURTSN5nbpzx8T6KhhT61XA?e=8lnBZQ)

### **Memo**

[https://laerskoolhartenbos-my.sharepoint.com/:b:/g/personal/dokumente\\_laerskoolhartenbos\\_co\\_za/EdIjHr4ftxBEmP5jX-4ervkB7xHEl0k0IyDhiUapvMkLLg?e=0dp1Cu](https://laerskoolhartenbos-my.sharepoint.com/:b:/g/personal/dokumente_laerskoolhartenbos_co_za/EdIjHr4ftxBEmP5jX-4ervkB7xHEl0k0IyDhiUapvMkLLg?e=0dp1Cu)

